Hoërskool
DR. E.G. JANSEN

5 November 2021

Geagte Ouer/Voog

**BUSROETES EN BUSKAARTJIES**

Om enige moontlike misverstande te voorkom, verskaf ons graag die volgende inligting rakende die busdiens aan u:

1. Elke leerder wat van busvervoer gebruik maak, moet 'n vrywaringsvorm by die busbestuurder inhandig.
2. Busgelde kan ongelukkig nie op 'n aparte skoolrekening geplaas word nie. Betaling is vooruit vir elke maand.
3. Geen leerder kan 'n kaartjie op die bus koop nie. Alle kaartjies word by die finansiële kantoor aangekoop. Indien 'n inbetaling gedoen word, moet aangedui word dat dit busgeld is en bewys van betaling moet aan annette@egjansen.co.za gestuur word. Geen leerder sal sonder 'n kaartjie of 'n vrywaringsvorm op die bus toegelaat word nie. Leerders se toelating op die bus is voorwaardelik.
4. Voorkeur word gegee aan leerders wat in die oggende sowel as die middae van die busdiens gebruik maak.
5. Indien 'n leerder sy/haar kaartjie verloor, kan hulle 'n duplikaatkaartjie by die finansiële kantoor kry teen 'n minimale koste.
6. Die busse volg 'n vasgestelde roete en kan nie van hierdie roete afwyk om leerders by hulle huise af te laai nie.
7. Ongelukkig is daar nie 'n opsie vir oggend of middag rit alleenlik nie aangesien 'n sitplek uitgehou word per bus.
8. **Leerders betaal 'n vaste maandelikse bedrag ongeag die aantal kere wat hulle van die busdienste gebruik maak.**
9. Die koste vir die jaar is as volg:

**OGGEND EN MIDDAG** : R 6 000 vir die jaar, R 600 per maand betaalbaar begin Januarie tot Oktober 2022.

**KORTING:** R 5 500 eenmalig vir die jaar (indien die volle bedrag teen 12 Januarie 2022 betaal word)

**ENKELRIT** (net beskikbaar vir noodgevalle) : R 30

Indien daar nog enige onduidelikheid is, kan u die skool skakel by 011-826-1538.

Jansiegroete

**D SWART**
**BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER**

**LF DE BEER**
**HOOF**

Hoërskool
# DR. E.G. JANSEN

**BUSVERVOER : VRYWARINGSVORM**

Ek, die ondergetekende, ..............................................................................................................,

ouer/voog van ..................................................................., bevestig die volgende:

1. Ek verleen hiermee toestemming dat bovermelde leerder van Hoërskool Dr. E.G. Jansen (voortaan die Skool) van skoolvervoer gebruik mag maak ná en van die skool en op ander geleenthede wanneer die leerder vervoer benodig of verkies.
2. Ek onderneem om vir sodanige busvervoer te betaal en indien vereis en teen die tarief wat jaarliks deur die Skool bepaal word. Ek onderneem om sodanige betaling vooruit te maak en aanvaar ek dat vervoer geweier sal word indien sodanige betaling nie betyds of glad nie gemaak word nie.
3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word om die veiligheid en welstand van vermelde leerder te verseker. Verder aanvaar ek dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in geval van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Ek dra my magtiging (vir mediese behandeling van vermelde leerder) as ouer/voog oor aan die Skool, indien mediese behandeling vir bogaande leerder nodig mag wees. Hierby aangeheg is 'n afkrif van my mediese fonds kaart waarvan die leerder 'n lid/afhanklike is, ten opsigte van:
5. 

| | | |
|---|---|---|
| Naam van Mediese Fonds | | |
| Lidnommer | | |
| Naam van hooflid | | |
| Tel. no van hooflid | | |
| Id-no. van hooflid | | |
| Huisdokter | | Tel no. |
| Huis adres | | |
| Leerder se selfoonnommer | | |

6. Hiermee vrywaar ek die Skool en sy verteenwoordigers, en stel ek die Skool skadeloos, van alle en enige eise betreffende skade en/of verliese en/of beserings wat ek en of/die vermelde leerder mag ly weens die gebruik van die Skool se vervoer.
7. Die toestemming/magtiging/vrywaring hierin verleen, sal van krag bly totdat ek dit skriftelik herroep en die Skool bewus gemaak word van sodanige herroeping.

Geteken te ___________________________ op hierdie ________________ dag van __________20___

______________________

**OUER/VOOG**